Pre-konferensie Werkswinkels (vir meer inligting klik op die opskrif van elke Werkswinkel, bv. 'Werkswinkel 1').

| | Venue TBA | Venue TBA | Venue TBA | Venue TBA |
|---|---|---|---|---|
| **08:30 – 10:30** | **Werkswinkel 1:** **Die gespreksdeelname van studente in die aanlyn-leeromgewing** Miné de Klerk (SLT) Magda Barnard (EBW) | **Werkswinkel 2:** **Lesse vanuit die ESL klaskamer** Daniella Favis (TS) Marian Clift (TS) | **Werkswinkel 3:** **Die ontwikkeling van 'n onderrig-portefeulje** Karin Cattell-Holden (SOL) Jean Farmer (SOL) Neil Kramm (Arts) | **Werkswinkel 4:** **Navorsing in Leer & Onderrig – die eerste treë na die Akademieskap van Leer en Onderrig** Susan van Schalkwyk (SGBO) Hanelie Adendorff (SOL) Nicoline Herman (SOL) Charmaine van der Merwe (SOL) |
| **10:30 – 11:00** | **Tea & Coffee** | | | |
| **11:00 – 13:00** | **Werkswinkel 1 (volg.):** **Die gespreksdeelname van studente in die aanlyn-leeromgewing** Miné de Klerk (SLT) Magda Barnard (EBW) | **Werkswinkel 2 (volg.):** **Lesse vanuit die ESL klaskamer** Daniella Favis (TS) Marian Clift (TS) | **Werkswinkel 3 (volg.):** **Die ontwikkeling van 'n onderrig-portefeulje** Karin Cattell-Holden (SOL) Jean Farmer (SOL) Neil Kramm (Kuns) | **Werkswinkel 4 (volg.):** **Navorsing in Leer & Onderrig – die eerste treë na die Akademieskap van Leer en Onderrig** Susan van Schalkwyk (CHPE) Hanelie Adendorff (SOL) Nicoline Herman (SOL) Charmaine van der Merwe (SOL |
| **13:00 – 14:00** | **Lunch** | | | |
| **14:00 – 15:00** | **Werkswinkel 5:** **Universele Ontwerp vir Leer met Tegnologie** Marcia Lyner-Cleophas (SGBO) JP Bosman (SLT) | **Werkswinkel 6:** **Maak van assessering 'n positiewe leer-ervaring** Anthea Jacobs (SOL) Charmaine van der Merwe (SOL) | | **Werkswinkel 4 (volg.):** **Navorsing in Leer & Onderrig – die eerste treë na die Akademieskap van Leer en Onderrig** Susan van Schalkwyk (CHPE) Hanelie Adendorff (SOL) Nicoline Herman (SOL) Charmaine van der Merwe (SOL) |
| **15:00 – 15:15** | **Tea & Coffee** | | | |
| **15:15 – 16:30** | **Werkswinkel 5 (volg.):** **Universele Ontwerp vir Leer met Tegnologie** Marcia Lyner-Cleophas (SGBO) JP Bosman (SLT) | **Werkswinkel 6 (volg.):** **Maak van assessering 'n positiewe leer-ervaring** Anthea Jacobs (SOL) Charmaine van der Merwe (SOL) | | **Werkswinkel 4 (volg.):** **Navorsing in Leer & Onderrig – die eerste treë na die Akademieskap van Leer en Onderrig** Susan van Schalkwyk (CHPE) Hanelie Adendorff (SOL) Nicoline Herman (SOL) Charmaine van der Merwe (SOL) |

<Terug na program>

**Werkswinkel 1**

## Die gespreksdeelname van studente in die aanlyn-leeromgewing

**Teikengehoor**: Dosente wat graag die kennis en praktiese vaardighehede wil ontwikkel om aanlyn leerkatiwiteite te ontwerp en fasiliteer wat hul studente aktief sal betrek.

**Tydsduur**: 4 ure

**Voorbereiding**: Deelnemers sal versoek word om hul skootrekenaars saam te bring

**Voorvereistes**: Daar sal van deelnemers verwag word om 'n kort, aanlyn-vraelys te beantwoord en ook deel te neem aan 'n inleidende aanlyn-forum voor die werkswinkel. Dit sal die fasiliteerders toelaat om die werkswinkel se inhoud te belyn met die deelnemers se konteks (m.a.w. die grootte van hul studentegroepe, hul beskikbare tyd vir die voorbereiding en implimentering van aanlyn-aktiwiteite en hul vetroudheid met SUNLearn).

**Fasiliteerders**: Miné de Klerk
Magda Barnard

Dit kan uitdagend wees vir onderrigpraktisyne om dinamiese gesprekvoering oor kursusinhoud te bevorder, veral in virtuele spasies. Aanlyn-interaksies kan potensieël studente toelaat om betekenisvolle vrae te stel, dieper te reflekteer oor hul leerproses en om verskillende uitgangspunte in ag te neem. Die dialoog wat plaasvind in kontaksessies behoort dus verder uitgebou te word in die virtuele klaskamer…. Tog bly die standaard SUNLearn-*forum* egter 'n redelike leë spasie. Hoe kan ons dan aanlyn-gesprekvoering beter ontwerp en fasiliteer?

Hierdie werkswinkel sal 'n oorsig bied oor die beste praktyke vir die ontwerp van asinchrnoniese en sinchroniese kommunikasiekanale tussen dosente en studente in digitale ruimtes soos SUNLearn. Deelnemers sal bekend gestel word aan praktiese strategieë om hulle studente beter te leer ken, om akademiese debatte te bevorder en om die kwaliteit van aanlyn-gesprekvoering te assesseer. Gepaste tegnologieë en SUNLearn-aktiwiteite – in teksgebasseerde-, video- en oudio-formate – sal ondersoek word. Daar sal voorbeelde gewys word van nuttige aktiwiteite wat, volgens US-dosente, beide studente se leerervaring verryk het en prakties haalbaar was om uit te voer. Hulpbronne en template oor ' netiket' (aanlyn-etiket), hoe om duidelike aanlyn-instruksies te gee en hoe om studente bekend te stel aan sulke nuwe leeraktiwiteite sal ook beskikbaar gestel word.

<Terug na program>

<Terug na program>

**Werkswinkel 2**

## Lesse vanuit die ESL klaskamer

**Teikengehoor:** Alle dosente
**Tydsduur:** 4 ure (08:30-13:00)
**Voorbereiding:** Geen
**Voorvereistes:** Geen
**Fasiliteerders:** Danielle Favis (TS)
Marian Clift (TS)

Akademiese geletterdheid is die gevolg van die interaksie tussen leerinhoud, leeropdragte en taal. Volgens Short (2002:14) is dit so dat "knowledge of one of the three knowledge bases required for academic literacy implies and necessitates knowledge of another base". Dit bied 'n uitdaging vir akademiese personeel. Aangesien Engels deesdae die taal van onderrig en instruksie by die meeste Suid-Afrikaanse universiteite is, word klaskamers toenemend ruimtes waar daar verskillende vlakke van vaardigheid in Engels voorkom. Akademiese personeel word nou, meer as ooit tevore, uitgedaag om maniere te vind waardeur hulle die kennis wat hulle moet oordra toeganklik kan maak vir al die studente in hulle klasse. (Quinn, 2012, Vorster en Quinn, 2016).

<Terug na program>

<Terug na program>

**Werkswinkel 3**

## Die ontwikkeling van 'n onderrig-portefeulje

| | |
|---|---|
| **Teikengehoor:** | Alle dosente |
| **Tydsduur:** | 4 ure |
| **Voorbereiding:** | Leesstof ter agtergrond: Pratt, Collins & Selinger. 2001. Development and Use of the Teaching Perspectives Inventory (TPI). Beskikbaar: **https://cvm.msu.edu/assets/documents/Faculty-and-Staff/Development_and_Use_of_the_Teaching_Pers.pdf**<br>Doen asseblief jou TPI aanlyn by **http://www.teachingperspectives.com/tpi/** en bring saam na die werkswinkel. |
| **Voorvereistes:** | **Geen** |
| **Fasiliteerders:** | Karin Cattell-Holden (SOL)<br>Jean Farmer (SOL)<br>Neil Kramm (Sosiale Wetenskappe) |

Het jy 'n stukkie gereedskap nodig om jou te help nadink oor jou onderrig? Beplan jy dalk om aansoek te doen vir 'n institusionele of nasionale onderrigtoekenning, of wil jy bevorder word? Is jy besig om jou voor te berei vir 'n prestasie-beoordeling? 'n Onderrig-portefeulje is onontbeerlik in elkeen van hierdie scenario's.

'n Onderrig-portefeulje dokumenteer nie alleen jou onderrig-aktiwiteite nie, maar dit help jou ook om tred te hou met jou ontwikkeling as universiteitsdosent. Verder gee dit jou ook die geleentheid om terreine in jou professionele leerproses te identifiseer wat jy verder kan ontwikkel, en dit verskaf boonop onderwerpe vir navorsing oor leer en onderrig.

In hierdie werkswinkel ondersoek ons die verskillende stadiums in die ontwikkeling van 'n onderrig-portefeulje. Ons begin deur te praat oor "kritiese refleksie" en hoe om dit deel te maak van jou onderrig. Ons ondersoek die komponente van 'n portefeulje deur na die relevante literatuur te kyk, en jy kry die geleentheid om die portefeulje-struktuur van toepassing te maak op jou eie onderrig. Met behulp van verskeie gevallestudies, ondersoek jy die verskillende aspekte van jou onderrig-konteks, jou onderrig-waardes en -doelwitte en hoe om 'n oorsig te gee van jou ontwikkeling as 'n universiteitsdosent (hierdie elemente vorm die basiese komponente van 'n onderrigfilosofie-stelling). Jy sal oefen hoe om bewyse van jou onderrig te selekteer en te organiseer en kans kry om die opsies wat beskikbaar is vir digitale portefeuljes te oorweeg.

In die werkswinkel sal jy die geleentheid kry om jou ervaring in onderrig met kollegas te deel en saam te werk aan die komponente van jou portefeulje. Aan die einde van die werkswinkel sal jy reeds 'n voorlopige raamwerk vir 'n onderrigportefeulje opgestel het en jy sal begin het daarmee om jou onderrigfilosofie-stelling te verwoord.

<Terug na program>

<Terug na program>

**Werkswinkel 4**

## Navorsing in Leer & Onderrig – die eerste treë na die Akademieskap van Leer en Onderrig

| | |
|---|---|
| **Teikengehoor**: | Alle dosente |
| **Tydsduur**: | 4 tot 6 ure (08:30 – 16:00) |
| **Voorbereiding**: | Geen |
| **Voorvereistes**: | Kom met jou eie idees vir klaskamer-navorsing |
| **Fasiliteerders**: | Susan van Schalkwyk (SGBO)<br>Hanelie Adendorff (SOL)<br>Nicoline Herman (SOL)<br>Charmaine van der Merwe (SOL) |

*Stel jy belang daarin om hoe jou studente leer op 'n meer formele manier te ondersoek? Of om jou onderrig op 'n meer wetenskaplik-gefundeerde manier te benader?*

Die teikengehoor vir hierdie werkswinkel is dosente wat graag navorsing wil doen oor hoe hulle onderrig gee, oor hoe studente werklik leer of oor enige ander aspek binne hullekonteks vir onderrig en leer. Die inleidende werkswinkel het ten doel om akademici te help om vanaf 'n klaskamer-navorsingsidee of -belangstelling te beweeg na 'n lewensvatbare navorsingsplan .

In hierdie werkswinkel sal deelnemers met hulle eie idees werk. Ons gaan kyk na verskillende aspekte van die navorsingproses, naamlik die identifisering van die regte fokus en vrae, die uiteensetting en verfyning van die doelwit, die keuse van die gepaste navorsingsmetodes en analitiese prosedures, asook die analise en interpretasie van data. Ons sal ook kyk na die vereistes vir etiese klaring en institusionele toestemming.

<Terug na program>

<Terug na program>

**Werkswinkel 5**

## Universele Ontwerp vir Leer met Tegnologie

| | |
|---|---|
| **Teikengehoor**: | Alle dosente |
| **Tydsduur**: | 4 ure |
| **Voorbereiding**: | Geen |
| **Voorvereistes**: | Daar word van deelnemers verwag om oop te wees om te leer oor universele ontwerp vir leer as deel van hulle eie onderrig met tegnologie praktyk. Verder moet deelnemers met hulle eie laptops kom aangesien ons praktiese werk op Office dokumente, PDF leêrs asook SUNlearn gaan doen. |
| **Fasiliteerders**: | Marcia Lyner-Cleophas<br>JP Bosman |

*25 Maksimum (deelnemers moet op die internet werk)*

Ons word uitgedaag om aan al ons studente die voordeel van Universele Ontwerp vir Leer (UOL) te verleen, gegewe hulle diverse maniere van leer! As jy ooit gewonder het wat UOL is en hoe om seker te maak dat al jou O&L materiaal en SUNlearn bronne en aktiwiteite op die voorpunt is van inklusiewe en instaatstellende ontwerp vir leer, dan is hierdie werkswinkel vir jou. Ons sal die basiese beginsels van die teorie en praktyk van UOL met 'n praktiese aanslag ontdek. Na die werkswinkel sal jy nuwe kennis en vaardighede hê om jou O&L materiaal en SUNlearn teenwoordigheid te neem in die kritiese en transformerende ruimte van universeel toeganklike leermateriaal wat doelgemaak is (of na daaraan!). Jou nuwe kennis sal jou in staat stel om beter by studente se diversiteit betrokke te raak.

<Terug na program>

<Terug na program>

**Werkswinkel 6**

## Maak van assessering 'n positiewe leer-ervaring

**Teikengehoor:** Alle personeel
**Tydsduur:** 2 ure
**Voorbereiding**: Geen
**Voorvereistes**: Geen
**Fasiliteerders**: Anthea Jacobs (SOL)
Charmaine van der Merwe (SOL)

Akademici word toenemend onder druk geplaas om hulle onderrig-en-leer-praktyke aan te pas by die gemeenskap se veranderende verwagtinge met betrekking tot hoër onderwys. Uitdagings soos die toename in studentegetalle en onvoorbereide studente wat die hoër onderwys betree, dra by tot hierdie spanning. Verder is daar ook die verwagting dat studente nie alleen hulle eksamens moet slaag en 'n sertifikaat of diploma moet verwerf nie, maar dat hulle ook toegerus moet word met die vaardighede wat hulle 'n aanwins in die werkplek sal maak. En, uiters belangrik, dat hulle tersiêre onderrig ook in hulle die wil moet vestig om 'n sinvolle bydrae te lewer op sowel globale as plaaslike vlak. Hierdie verwagtinge het 'n invloed op die hele leer-en-onderrig-proses, insluitend assessering. In die woorde van professor David Boud (2013): “Our assessment practices are the single most influential driver of what our students do”. Hoe ons assesseer, het dus 'n belangrike impak op die doelwitte wat ons vir ons studente het.

As 'n akademikus wonder jy dalk hoe jy assessering moet benader met inagneming van al hierdie uitdagings. Hoe dink jy tradisioneel oor assessering? Kan jy jou huidige denke bevraagteken en dan jou assesseringsgebruike en idees heeltemal vernuwe? Hoe kan jy deur assessering 'n vernuwende leerervaring vir jou studente skep? 'n Leerervaring wat, soos Mezirov (2003:58) dit stel , “… transforms problematic frames of reference – sets of fixed assumptions and expectations (habits of mind, meaning perspectives, mindsets) – to make them more inclusive, discriminating, open, reflective, and emotionally able to change” (Mezirow 2003:58). Watter rol speel die US se Assesseringsbeleid (2012)?

Hierdie werkswinkel sal aandag gee aan hierdie vrae, en deelnemers uitdaag om nie net na te dink oor hoe hulle tot dusver assessering benader het nie, maar om ook nuwe idees te oorweeg. Verder sal deelnemers kans kry om krities na die Universiteits se Assesseringsbeleid (2012) te kyk en voorstelle te maak vir veranderinge of hersiening. Hierdie voorstelle kan deel vorm van die huidige hersieningsproses van hierdie beleid.

**Verwysings**

Boud, D 2013. Have we been getting feedback wrong? Beskikbaar: https://www.youtube.com/watch?v=c5zymogAaMM [Besoek: 26 April 2018].

Mezirow, J 2003. Transformative Education as Discourse. Journal of Transformative Education, 1(1): 58-63.

Stellenbosch Universiteit 2012. Assesseringsbeleid.

<Terug na program>